



TOULEIER



Ek tender vir probleme oor 'n paar skoene

Karin, een van ons SANermaatjies hier in Doha, of Hasie, soos ons haar noem, skakel my laas week en trap my uit. "Oom Hennie moet nou uit met daardie storie van die tronk, moenie loop en maak soos op *7de Laan* nie, elke keer 'n naelbyter!"

Die rede hoekom sy so graag wil hoor is omdat Leon Rost, saam met wie sy 'n villa deel, ook 'n soortgelyke nare episode met die gereg gehad het. In sy geval was daar 'n klag gelê dat sy hond 'n kind gebyt het terwyl hulle met vakansie was. Glad nie die geval nie, maar soos hy moes uitvind, wat rêrig gebeur het maak nie eintlik saak hier nie, jy is skuldig tot die teendeel bewys word.

Nou maar goed, hier is die storie van die uwe, vermeende dwelmsmous. Om egter my nag in aanhouding in die regte perspektief te plaas, moet ek die draad van die verhaal eers gaan optel in November laas jaar, toe ons nog aan't voorberei was vir ons bootreis op die Queen Mary.

"Jy kan nie daai flenter swart skoene van jou saam met jou aandpak aantrek nie!" beduie Kamermaatjie na my lekkerste en gemaklikste en enigste paar Timberlands. "Dis lankal tyd om op te hou lap aan hulle, kom ons gaan koop vir jou 'n nuwe paar." Teësinnig gee ek bes.

Ons begin die lang proses van winkel tot winkel op soek na 'n paar twaalf en 'n halfs. Na dae se vrugtelose verkenning, kry ek 'n blink idee. Die begin van 'n groot toevalligheid wat sou eindig in 'n groot moeilikheid.

"Wat van daardie paar kerkskoene van my wat nog in Richmond lê? Daardie paar sonder veters, die swartes met die tosseltjies, hulle kan mos lekker dans ook," vra ek versigtig optimisties.

"Hoe gaan jy dit betyds hier kry?" gooi Annabelle wal. Sy soek nuwe skoene by die nuwe pak.

"Helen Hatem, wat daar in Onrus werk, kom kuier oor Kersfees vir haar man hier in Doha. Sy kan dit sommer saambring," kom ek met die oplossing vorendag.

So gemaak, so gereël. Helen laat weet ook dis geen probleem nie, sy sal dit met graagte saambring. Kort voor Kersfees kom die boodskap. Hulle sukkel met haar visa en sy gaan dit nie betyds maak nie. Om dit te koerier kos 'n plaas se prys en ons besluit toe maar om die skoene met die poskantoor se spoedpos te laat kom. Spoedpos? Wat 'n grap!

"Vra haar sommer om 'n paar Syndols ook saam te pos," versoek Annabelle.

"Mens kry mos nie ordentlike sterk pille hier nie."

Die sterkste wat jy hier kan kry, selfs op voorskrif, is Panadol (selle as Panado) en dit vat nie eers 'n halwe babelaas weg nie, wat nog gepraat van 'n migraine.

Helen laat weet sy sal sommer twee pakkies saamstuur. Elke paar dae kyk ek op die internet of my pakkie al by die poskantoor is. Geen taal of tyding nie.

Toe die tyd begin aanbreek dat ons moet vlieg, koop ek maar uit desperaatheid 'n paar swart Crocs, iets wat ek gesweer het ek nooit ooit aan my voete sal sit nie.

Hulle lyk en voel toe op die ou ent nie te sleg nie. Die dag voor ons vertrek reël ek toe maar dat een van my ingenieurs, 'n Egiptenaar wat Arabies praat, gereeld sal gaan navraag doen.

Eintlik 'n bedekte seën dat die pakkie laat was. Want was hy betyds, het ons nooit die bootreis ervaar nie.

Lees volgende keer verder...

Hennie Greeff

Doha, Katar

UITGEWER VAN KAMMANUUS

Om die kampvuur

Feite oor die BOERE-OORLOG

Meeste sterf aan siektes

Die oorlog in Suid-Afrika was een waarin 'n swak voorbereide en ongesonde imperiale leër meer ongevallye weens siektes gely het as van vyandelike vuur.

Die perde het nog slegter gevaar. Die Britte het 347,000 van sy 518,000 perde weens wanvoeding, uitputting en siektes verloor.

Van die byna 450,000 soldate wat deelgeneem het, het 22,000 gesterf – 13,000 weens siektes en kwale, hoofsaaklik weens swak sanitasie en blootstelling.

'n Paar dosyn is deur weerlig getref, en 270 het verdrink.

Die Boere het hoogstens 70,000 burgers onder die wapen gehad, waarvan 7,000 gesterf het.

Volgens die jongste raming is sowat 32,000 vroue en kinders in konsentrasiekampe dood.

Dit was in totaal sowat 20% van die totale Boerebevolking in die Zuid-Afrikaansche Republiek en die Oranje Vrystaat.

Die herkoms van ons gesegdes (6)

Heler: Die heler is so goed soos (as) die steler.

Helen in Nederlands was om te verberg, weg te steek. As 'n mens dus gesteelde goed wegsteek, is jy voor die wet medepligtig aan die daad.

Hoog: Ewe hoog en droog sit (Sonder om aan iets deel te neem) Oorspronklik 'n verwysing na 'n posisie op 'n hoë plek waar vloedwater of die see nie kan kom nie, dus buite bereik van gevaar.

Jan: Jan Rap en sy maat (almal) Jan Rap was vroeër ook Jan Rappig, wat "skurf, vuil" beteken het.

Jan: Jan Salie ('n sukkelaar) Die naam is ontleen aan die flou, effens soet smaak van melk waarin salie gekook is. Reeds in die 17de eeu was die naam vir 'n sukkelaar bekend.

Kaak: Aan die kaak stel. Die kaak was 'n Middeleeuse stellasie, gewoonlik van hout, waarop misdadigers vasgebind en tentoongestel is sodat almal kon weet van hulle wandade.

Invloedryke ikone

HULLE beïnvloed die manier waarop ons reageer en eet en praat en na dinge kyk, maar hulle bestaan nie regtig nie.

Bo-aan die lys van Die 101 Invloedrykste Mense wat ooit Geleef Het is die **Marlboro-man** - die macho cowboy wat sy verskyning in die 1950's gemaak en gehelp het om die sigareetmark 'n groot hupstoot te gee.

In die tweede plek is George Orwell se **Big Brother** in sy boek *1984*, gevolg deur **koning Arthur**, van wie die outeurs sê dat hy die vergestaltung van die ideale monarg is.

Kersvader is in die 4de plek.

"Kersvader regeer ons hele ekonomie in die laaste kwart van die jaar. Sonder hom sal besighede bankrot gaan," sê die medeskrywer Allan Lazar.

Barbie - "daardie lyflike plastiepop wat die rolmodel vir miljoene meisietjies geword het met haar onbereikbare standaard van skoonheid en styl" - is nommer 43 op die lys.

"Die idee het by ons opgekom dat invloedryke karakters nie hoef te bestaan nie, dat fiktiewe karakters net so belangrik in ons lewens is - soms invloedryker as ware mense," sê Lazar.

Selfs die **Loch Ness-monster** haal die lys, in die 56ste plek. Dit is die populêrste toeriste-atraksie in Skotland, en die inkomste wat Nessie genereer is aansienlik."

Duskantlander in Anderkantland

'Love you too, Cucaloo'

(JAN COETSEE se middernagtelike ervaring met 'n vreemde meisie en haar Cucaloo.)

Gisternag (Kiwityd) moes ek met die munisipale kantoor van 'n groterige Duskantlandse dorp gesels oor 'n belastingklaring op 'n eiendom wat deel is van 'n besigheidstransaksie wat een van my kliënte hier in Kiwiland aangaan.

Ek het gebel en die telefoon het gelui. Niemand het geantwoord nie, en ek het weer gebel, maar dié keer my stopoorlosie aangeskakel. Presies 23 min 41 sek later antwoord 'n man, en dit klink asof ek hom wakkergebeld het.

Ek vra om na die spesifieke afdeling deurgeskakel te word.

"Is your power cut off?" word my Afrikaanse versoek in sy sukkel-Engels beantwoord. Ek is stout en vra: "Should it be?"

Hy antwoord: "Stand number?" Ek herhaal waarom ek bel, en dat dit nie oor kragtoevoer is nie. Hy antwoord: "That is OK, BECAUSE WE DON'T DEAL WITH POWER SUPPLIES!!!"

Ek word na Jayne deurgeskakel. Sy soek na die uitstaande dokument en verseker my dat dit reeds gepos is na die betrokke eiendom in haar dorp.

Ek verduidelik dat die eenaar nie meer by die adres woonagtig is nie, en sy bied vriendelik aan dat die eenaar of sy verteenwoordiger die sertifikaat by die stadskantore kan kom afhaal. Betaling is egter slegs aanvaarbaar in die vorm van 'n banktjek, kredietkaart of kontant. *(Waarmee anders, wonder ek. Wit rivierklippies? Albasters? Bolletjies skaapmis?)*

Ek verduidelik die betrokke party is in die buiteland en vra of die dokument via e-pos versend kan word.

Nee, dit is onmoontlik, want die ontvanger moet homself identifiseer en buitendien moet die R35+BTW betaal word. Kontant, banktjek of kredietkaart.

Die uiteinde?

Ek het 'n prokureur in daardie dorp opdrag gegee om die dokument te gaan haal, en vir ons te pos.

Koste: R140 plus posgeld. Kontant, banktjek - maar nie kredietkaart nie.

"Wat van 'n internet-oorplasing", vra ek hoopvol. Ja, dit sal seker reg wees, maar slegs ZA Rand is aanvaarbaar. Het ek skryfgoed want sy "kan" die bankbesonderhede gee. Halfpad deur die gesprek lui haar selfoon. Sonder om haarself te verskoon: "Hello . . ." sy en bevestig 'n afspraak vir "drinks by Suzi en James."

Sy groet die beller in haar koerstemmetjie: "Love you too, Cucaloo!"

Ek bevestig nie of ek die korrekte bankbesonderhede het nie, groet nie en lui af.

Geskok. Verras. Teleurgesteld.

Oorweldig. Bekommerd, maar bovenal hartseer.

Baie hartseer, want ek besef ek ken nie meer my geboorteland nie.

As dit sou help, sou ek ook graag ná daardie ondervinding "drinks" by Suzi en James waag.

Met of sonder koerstemmetjie en haar Cucaloo.



Waarom is brandweerwaens rooi?

Omdat hulle agt wiele het en vier mense wat daarop ry en vier plus agt is twaalf en daar is twaalf duim in 'n voet en een voet in 'n liniaal en 'n liniaal word gebruik om 'n streep te trek en Koningin Elizabeth het Charles 'n streep getrek om hom nie koning te maak nie en Koningin

Elizabeth was ook 'n skip en die skip het op die see geseil en in die see is daar visse en die visse het vinne en die Finne het geveg teen die Russe en die Russe is rooi en daarom is brandweerwaens rooi.

Hoe moeilik kan dit nou wees?

Giggels

As jy 'n giggel wil deel, vonk dit aan pos@onsdorp.com

PAPOOSE


Die radio-omroeper het weer die gewone inbelkompetisie gehad.

Op die gegewe dag het hy gevra mense wat weet wat 'n papoose is, moet inbel.

Die foon het dadelik gelui, en die man aan die ander kant sê hy weet: 'n Papoose is iets wat jy in 'n papantie kry.

Die radio-omroeper het natuurlik goed kop gehou en voor die man nog 'n dooie woord verder kon sê, het die musiek gespeel.

(Ingestuur deur Cathy du Toit, wat sê dit het regtig gebeur.)



OOM KOOS SE BOKRAM

Oom Koos het 'n bokram by die kerkbasaar met 'n lotery gewen. Die tante was maar nukkerig toe hy besluit om die bok te hou.

"Waar gaan hy slaap?" vra sy.

"In die kombuis," antwoord hy.

"En wat van die reuk?" wil sy weet.

"Hy sal maar daaraan gewoond moet raak."

STAPTOG

Die twee vriende was op 'n lang staptog, en Sarel het hom geroem op sy natuurkennis. Hannes was 'n stadsjapie met min kennis van die buitelewe.

Terwyl hulle stap, sê Sarel skielik: "Sjoe, het jy daai gevlekte rooiborsvalk gesien?"

"Nee," erken Hannes.

'n Bietjie later: "Het jy daai kortstert koggelminder gesien?"

"Nee, ek het dit misgekyk."

Ná 'n ruk begin Hannes hom verveel vir Sarel se meerdere kennis, en hy het hom gestaal teen die volgende ontdekking.

"Het jy daai . . ." het Sarel begin.

"Ja!" kap Hannes terug, "ek het dit gesien."

"Hoekom het jy dan daarin getrap?" vra Sarel.

OLOF SE VINGERS

Olof was besig om in 'n visfabriek te werk toe hy per ongeluk al tien sy vingers afsny. Hy haas hom toe na die noodklinik.

"Hmmm," sê die dokter. "Ek dink ons kan iets vir jou doen. Waar is die vingers?"

"Ek het hulle afgesny. Hulle lê in die fabriek," antwoord hy.

"Jou gek!" skree die dokter.

"Weet jy dis die 21ste eeu? Ons mediese wetenskap is so gevorderd ons kan haas enigiets doen!"

"Hoekom het jy nie die vingers saamgebring nie?"

Olof kyk hom verdwaas aan, en antwoord:

"En waarmee dink jy moes ek hulle opgetel het?"

Hout brand vinniger wanneer jy dit self afkap en opkap. ~ Harrison Ford

ANDY CAPP deur Smythe





Bierstorie

Tydens 'n internasionale bierbroukonvensie in Slaapstad kom die base van die verskillende brouerye die aand bymekaar in die kroeg by Forries, naby Nuweland.

Bruce van Fosters skree vir die kroegman: "In Australië maak ons die beste bloody bier in die wêreld matey, gooi vir my 'n Fosters!"

Bob van Budweiser is nie links nie en roep uit: "In die VSA maak ons die koning van biere, gee my 'n Bud!"

Hans is volgende: "Ons in Duitsland het bier uitgevind, maak myne 'n Helles, ze eintlike koning van bier."

Hein laat ook nie op hom wag nie: "Niks kom naby Grolsch nie, zorg dat mijne 2 vingers skuim op het."

Koos van SAB roep die kroegman nader: "Gooi vir my asseblief 'n Klippies en Coke, met eish."

Die ander vier staar Koos in stom stilte aan. Dan stamel Bruce: "Maar Koos, gaan jy nie 'n Castle drink nie?"

Koos: "Wel, as julle ouens nie gaan bier drink nie, gaan ek ook nie."



Die Mot en die Kers

- C.J. LANGENHOVEN

Die mot en die kers

Die ander motte is dom en dwaas,
Maar ek sal vér van die kers af bly;
Hier vér uit die skemerte sal ek kyk,
Hier vér is dit veilig en kyk is vry.

Maar ek hoef nie van éénkant net te kyk -
Ek vlieg op dieselfde afstand om,
Dan weet ek van álkant af hoe hy lyk,
Om beter te sorg om nie nader te kom.

My sirkel was skeef en ingebuig,
Maar dáár ook nog, waar ek naaste was,
Het niks gebeur - ek maak verniet
My velling so groot en so vér van die as.

Die wioletjie draai ál vinniger om,
En die lig en die gloed word ál groter genot:
En die vellings word nouer ál rondom die as -
En die end van die wiel is die as van die mot.

(Ingestuur deur Braam van Jaarsveld.)

**Ek haat tweegesig-mense.
Watter een slaan jy eerste?**

Die vraag wat die hele land vra!

**'n ANC-LP het onlangs
Jakop Stortkop se lof so
besing:**

"Daar was 'n vader wat R100
aan elkeen van sy drie seuns
gegee het, met die opdrag
dat hulle iets moet koop wat
die hele kamer sal vul.

Die seun het R100 se hooi
gekoop, maar kon nie die
kamer vul nie.

Die tweede een het 'n vrag
rou katoen gekoop, maar ook
sonder sukses.

Die derde seun was slim: Hy
het 'n kers vir R1 gekoop, dit
aangesteek en die hele ka-
mer met lig gevul.

Die LP het toe trots verklaar:
"Ons president Zuma is soos
die derde seun. Vandat hy
die bewind oorgeneem het, is
ons land gevul met die helder
lig van vooruitgang!"

Na die lang applous het 'n
DA-lid opgestaan en gevra:

**"En waar is die orige
R99?"**

AFKORTINGS

Dis hoog tyd dat die ouer mense ook 'n reeks afkortings skep wat hulle op SMS'e en Twitter kan gebruik om tyd te spaar. Hier is 'n paar voorbeelde:

- BDD** - By Die Dokter
- BVB** - Beste Vriend se Begrafnis
- BDR** - Bring Die Rystoel
- BJET** - Bring Jou Eie Tande
- MG** - Medies Gedek
- VWEW** - Vergeet Waar Ek Was
- MPG** - My Pille Gekry
- MGPBL** - Moet Gaan, Pasaangeëer se Battery Laag
- HWS** - Het Weer Sooibrand
- GOG** - Goeie Opelyf Geniet
- MGV** - My Gehoorstuk Verloor
- LMTU** - Lag My Tande Uit
- LWG** - Lekker Wind Gelos
- RKO** - Rystoel Kort Olie
- MGMWW** - Moet Gaan Maag Wil Werk
- JPWE** - Jig Pla Weer Erg

VIER en VYF

Hoe skryf jy 4 binne-in 5?

- Sjinese antwoord: "Is dit 'n grap?"
- Japannese antwoord: "Onmoontlik!"
- Amerikaanse antwoord: "Ek kry dit nie op die internet nie."
- Britse antwoord: "Daar skort iets met die vraag!"
- Duitse antwoord: "Achtung! Das is dreck!"
- Joodse antwoord: "V(IV)YF."

Dis hoekom daar oral ter wêreld Jode is: In finansies, besigheid, medisyne, ingenieurswese - enige iets waarvoor albei kante van die brein gebruik moet word.



As jy wil weet in watter bui 'n vrou is, hoef jy net haar hande dop te hou. As daar 'n geweer in hulle is, is die kans goed dat sy is kwaad is.

Ek wou eens op 'n tyd 'n ateïs word, maar toe ontdek ek hulle het geen vakansiedae nie.

Só maak mens!

Deur RETHA KRUGER

Oorspronklike Esmé en Jan-resepte

KOOLPIEKELS

1 groot blomkool	4 k gekerfde uie
2 l asyn	1 k koekmeel
1 kg komkommers	3 groen rissies
3 ryp rissies	1 kopkool
2 e borrie	1 ½ k suiker
2 e mosterdpoeier	Sout en rooi peper na smaak

Sny groente fyn, breek blomkool in stukkie. Laat alles vir 24 uur in sout oplossing staan. (om fermheid te bevorder) Gooi dan soutwater af en spoel groente onder skoon water . Laat kook die groente nou in baie min water op tot net sag maar nie pap nie. Dreineer, hou warm eenkant.

Meng kruie en meel. Kook asyn en suiker en roer kruie mengsel in en roer oor matige hitte tot glad en verdik. Voeg gedreineerde groente by en roer groente deur die asynpap. Proe. Indien verkies kan versoet word met addisionele suiker.

Bottel warm.

STAMBOOM

Help ons familiespeurders

BARNARD africanbrands@mweb.com.na

CLEOPHAS plmrhode@yahoo.com

Ek wil graag my ma se bloedlyn navolg. My ma is Catherine (nooi Cleophas) en haar pa Piet Cleophas, wie se pa was glo ene Isak Mohammed, of Isak Moor. Hy't 'n winkeltjie op die hoek van 6de Straat in Hopefield gehad, en glo'n tulband om sy kop gedra .Hy't ook 'n suster, Fatiema, gehad, wie hulle as Fatem geken het. In Hopefield het ek net gehoor en gelees van Essop Mohammed.

DU PLOOY corrie.du.plooy@gmail.com

Ek het detail van alle Du Plooy - Simon, Cornelis (stamvaders) sowel as Du Plooy tot datum. Die Du Plooy van Maartenpan, Hopetown se registers sal ek graag wil uitbrei. Dit is veral Corneli(u)s Willem en Dirk Wouter.

EVERSON babielon1960@live.com

Addisioneel: Enige iemand met inligting oor die Eversons in Suid-Afrika.

JOUBERT quartus@sandveld.net

My pa was Izak Jacob (1920-1988). My ma was Cornelia Magrietha Visser (1923-2009). Oupa Francois Rudolph Petrus Joubert en Ouma Joubert, Johanna Maria. Twee Joubert-susters was met twee Swar-broers getroud. Soek meer inligting.

KRUGER hermankruger@mweb.co.za

Ek het onlangs begin om my Kruger-familie na te vors en sal enige inligting en hulp waardeer. My oupa was Hermanus Carel Kruger (1907 - 1957) en was getroud met Martha Francina Petronella (Gebore Jansen). Ek weet ongelukkig nog nie wie sy ouers was nie.

LAUBSCHER laubschm@gmail.com

Ek is besig met navorsing rakende die Laubscher-familie (Johannes Christiaan gebore 1884 en getroud met Catarina Dercksen gebore 1883 en hul kinders met klem op my oupa Lucas Cornelius (1908) wat met Martha Sophia Venter (1914) getroud was. Ek sal ook enige fotos van hulle waardeer.

MASSYN susanmassyn@gmail.com

NAGEL nagelesme@yahoo.com

Stamvader Hendrik Nagel arriveer in 1759 in die Kaap vanaf Amsterdam. Vader van my oorlede man Jacobus Johannes Nagel en oupa van my seun Christoffel Johannes Nagel almal vroeër van Reitz, Vrystaat. Enige hulp sal baie waardeer word.

PRINSLOO susanmassyn@gmail.com

VAN DER MERWE d.smith@telkomsa.net

my groot ouers kom van Bethulie af en my oupa grootjie is getroud met 'n De Ru, ook van Bethulie.

VAN GOEVERDEN vangoeverden@yahoo.com

Wil weet wanneer Cornelis Daniel en Hubertus van Goeverden na S.A. geïmmigreer het. Hulle was broers. Ek vermoed so by die 1820's of dit kon 'n bietjie later gewees het.

AGTEROS

Net voor uitspantyd



**Passepartout
en die ontugwet**

"Oom Rassie het baie, baie van sy eie soort koeldrank gehou. Nou nie die soort wat jy by Waterloo Cafe om die draai in die Ou Pad gekry het nie."

Deur MARNUS STEYN

Dit was Desember, hier rondom 1962. Ma het vir ons vir die vakansie plek bespreek in Durban. Dit was vir jare ons gesin se gebruik om Desember vakansie te gaan hou.

Een van die gesin kon sedert 1957 nie saamgaan nie. Sy was Passepartout, my ma se papegaai. Teen 1962 het die papegaai amper 'n Oxford-woordeboek se woordeskaf gehad en kon sy beter sing as Onse Mimmi. Die enigste verskil was dat Mimmi nie deumekaar geraak het met die lirieke nie.

Passepartout het haar eie sinne en lirieke saamgevoeg. So het sy byvoorbeeld gesing:

"I talk to the trees, but they won't . . . Oh shit, I'm shot!"

Hotelakkommodasie was nooit vir Passepartout 'n probleem nie. Vriende en familie het tou gestaan om na die papegaai om te sien. So beland Passepartout vir die vakansie by die bure oorkant die straat.

Dit was die Ras-gesin. Tannie Molly, oom Rassie en twee laat tienerjarige dogters.

Maar om die storie beter te verstaan moet ons kyk na die voorstoep van hulle huis. Die huis het suid gekyk. Nie presies oorkant ons huis nie, maar effens na regs, sodat hulle stoep ongeveer oorkant ons sitkamer was. Dit is belangrik, want die gebeure in die verhaal het hoofsaaklik op die stoep plaasgevind. Male sonder tal het ek vanuit ons sitkamer na oom Rassie gekyk wanneer hy op die stoep ontspan het.

Om op die stoep te kom was daar sowat agt trappe wat jou op die 'landingsplek' sou bring. Reg voor jou is die deure na die eetkamer. Links die deur na die sitkamer, regs op die hoek 'n pilaar met 'n skansmuur daarvandaan na die eetkamermuur.

'n Kort skansmuur van omtrent naeltjiehoogte het gekeer dat jy na regs kan afval wanneer jy uit die sitkamer kom nie. Oom Rassie het altyd regs agter in die hoek gesit, neffens die langer skansmuur.

Oom Rassie was 'n afgetrede polisieman. Vir my as 'n laaitie van sowat agtien, was hy baie, baie oud! Middelmattige lengte, skraal, met bruinerige grys hare. Soos dit polisiemanne betaam het, was hy altyd netjies aangetrek. Elke soom of plooi van sy klere het net een plek geken en dit was die regte plek. Somer of winter het hy 'n langmouhemp en 'n das gedra. Dan was daar daai skoene! Daai skoene van 'n 'polishman'. Altyd geblyk, selfs die spieëls het kom kyk wat blink beteken.

Oom Rassie het baie, baie van sy eie soort koeldrank gehou. Nou nie die soort wat jy by Waterloo Cafe om die draai in die Ou Pad gekry het nie. Sy bottels was langer, met fensie etikette. 'n Silhoeët van 'n gesig, 'n Russiese bekende of een of ander Hollandse 'balls'-affêre het sy bottels gekenmerk.

Op die stoep sou oom Rassie sit met sy voorraad op die grond, langs sy stoel. Sy koeldrankglas op die muur. So het hy hom vermaak e die straat dopgehou vir enige interessante gebeure. Soms met sy voete op die muur. Maar hy was te laag om links oor die muur te sien wat straataf kom. Tot sy nadeel. Hy sou dit eers sien wanneer dit reg voor die stoep verskyn.

Die kort skansmuur by die voordeur was een van die spilpunte waarom die volgende gedraai het.

Marie, die jongste dogter het die volgende verslag in hierdie trant gelewer nadat ons van vakansie teruggekom het:

"My pa het, soos elke dag, sy plek op die stoep ingeneem. Met genoegsame proviand vir ure.

"Agter die kort muurtjie by die sitkamerdeur het Passepartout in haar kou op die grond gesit. Sy kon baie mooi links in die straat af kyk. Pa kon nie bo-oor die muur sien wat van daardie kant af kom nie.

"Die papegaai was gedurig besig om te praat en geluide te maak. Pa het hom nie gesteur aan die papegaai nie. Die voordeur was oop weens die Desemberhitte. Dit is toe dat Passepartout lostrek met 'n phweeeet-phwiiiieeu! My pa was glad ne bewus van wat sy gesien het nie.

"'n Klompie sekondes later stap daar drie gewigtige 'maidens' verby! Pa skrik sy alie af! Vir n polisieman om so te fluit vir die swart huishulpe was ondenkbaar! Wat van die ontugwet? Hier is groot moeilikheid in wording!

"Met die swart vroue nou reg voor die stoep, kan hulle nie vir Passepartout agter die skansmuur sien nie en pa is dus die skuldige!

"'Madala, wenna funa lo makulu trouble!', skree hulle van die pad af. Met die geskree gryp pa nie eens sy glas nie, maar laat spaander na die oop voordeur.

"Maar hy het nie tred gehou met sy lang gekuier met sy dop nie. Hy mis net-net die papegaai se hok, trap skeef op die voordeurtrap, verloor sy balans en duik die koffietafelmet ma se blommerangskikking en al plat dat jy net blomme sien wai!"

KAMMANUUS sal weer op 6 MEI opdaag